



Bron
nr.
0, 0, 4, 3

Datum
9, 7, 0, 4, 3, 0, 1, 2, 0

Onderwerp
nr.
3, 8, 1

Knipfel
nr.
1, 1, 7, 7

DIE BURGER

Jg. 82 Nr. 23 Dat. 30. 4. 1997

Sportliggame straks gou belas

Regering wil klein groepie betalendes se las verlig

Hein Swart

KAAPSTAD. – Die Regering het met 'n omvattende ondersoek begin na dié groot getal instansies wat tans van die betaling van belasting vrygestel is. Veral sportliggame is in die Belastinggaarder se visier.

Die doelwit van die ondersoek is om die staat se belastinggrondslag te verbreed, aangesien daar tans 'n te groot las op die skouers van net 'n relatief klein groep individue en maatskappye is.

'n Groot klomp organisasies, soos kerke, amateur-sportorganisasies en maatskaplike en kulturele organisasies is tans van belasting uitgesluit. Die Regering het nou geen planne om hulle te begin belas nie, maar baie van die organisasies het intussen beroepsliggame geword en

is dus belastingpligtig. Dit is hulle wat die Regering nou wil bykom.

Hy stel in die besonder belang in eertydse sportliggame wat sedertdien in beroepsliggame omgeskep is, veral ook in die individuele deelnemers aan dié sporte, soos die nasionale rugby-, sokker- en krieketspelers, wat jaarliks etlike miljard rande uit hul sport verdien.

Veral die posisie van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoelbalunie (Sarf) en die onderskeie provinsiale rugby-unies, wat in die verlede van belasting vrygestel is, is interessant.

Trevor Manuel, Minister van Finansies, wou op 'n vraag in die Parlement oor die belastingposisie van dié rugbysliggame geen besonderhede bekend maak nie. Volgens Manuel verbied die geheimhoudingsbepalinge van die Wet op Inkomstebelasting hom om enige inligting hieroor bekend te maak.

sportliggame wel verplig is om hulle as belastingpligtiges te laat registreer. Sarfu is ongetwyfeld 'n beroepsportliggame.

Manuel het gesê die Katz Kommissie het reeds aanbeveel dat alle bestaande belastingvrystellings ondersoek moet word. Dit word tans gedoen. Dit sluit voormalige amateur-sportliggame in. Omdat hulle nou beroepsliggame is, word hul belastingposisie heroorweeg.

Die Belastinggaarder het reeds verlede jaar die belastingvrystelling van drie organisasies teruggetrek omdat hul status oor die jare verander het. Hulle is die Suid-Afrikaanse Buitelandse Handelsorganisasie (Safto), die Suid-Afrikaanse Spesiale Risikoversekeringsmaatskappye (Sasria) en die maatskappye Gezicor. Safto se status is byvoorbeeld van 'n diensorganisasie sonder winsbejag na 'n gewone maatskappye verander, terwyl Sasria nou beskou word

as 'n gewone versekeringsgroep wat met ander in die bedryf meeding.

Sasria was destyds nie baie gelukkig oor die besluit nie, aangesien hy as spesiale versekeraar van onlusteverwante skade die enigste in sy soort in die bedryf is en dus nie met ander kan meeding nie.

Vrystellings word in twee kategorieë ingedeel: dié van toepassing op 'n spesifieke organisasie wat by name genoem word, en dié van toepassing op organisasies in die breë wat aan sekere voorwaardes voldoen.

Alle bestaande vrystellings word tans by die ondersoek betrek. Die verwagting is dat verskeie van dié vrystellings vanjaar nog ingetrek sal word.

Alle organisasies wat meen hulle is op voortgesette belastingvrystelling geregtig, moet voor 30 September vanjaar formele goedkeuring daarvoor van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste verkry.

TREFWOORDE

- 1 Swart
- 2 Rege n g h a s
- 3 Belasting
- 4 Belasting
- 5 Belasting
- 6 Belasting
- 7 Belasting
- 8 Belasting
- 9 Belasting
- 10 Belasting